Geloof

Geloof

Hoe kry ons Geloof en wat beteken dit ?

Geloof in Hebreeus is "Áman" en beteken: "Sekerheid sonder twyfel "en om standvastig te wees. Ongelukkig het die Skriftevertalers die woord 'geloof' wildekeurig in geplaas hetsy geloof 'n ander betekenisse laat aanneem of nie. Geloof het nou weggebreek van sekerheid sonder twyfel na iets wat jy moet verkry of baat daarby moet vind. Daar is net een weg na VADER en dit is deur suiwer geloof in "sekerheid sonder twyfel" deur YAHUSHA.

Kom ons vat saad as geloof en die proses wat dit moet deurgaan. Die saad wat aangebied word deur VADER (*geloof in YAHUSHA*), ontvang jy, en deur die ontvangs moet jy eerstens self plant in jou hart. VADER sal die saad wat HY vir jou gegee het laat groei nadat jy geplant het. Tweedens moet jy natmaak en die onkruid wat altyd daar sal wees gereeld uittrek (*vals geloof,* Ha satan). Die saad van VADER sal groei, want Hy het in die begin die opdrag gegee dat saaityd en oestyd nie sal ophou nie Gen.8:20-22.

'n Gawe het VADER geskenk en dit is geloof. Na 'n tyd sal die saad begin groei en groter en sterker word, waarvan die vrug sy volheid sal bereik deur die guns van VADER. Met geloof in die vrug stadium (*later in jou lewe*) kom 'n nuwe karakter wat stabiliteit en betroubaar is na vore. Soos die geloof groei sal dié vertroue ook groei. Wat ons nou ook al doen vra of beveel, doen dit deur die kanaal van geloof. Ons moet nou vertrou op Hom om dit uit te voer. Geloof kom van VADER en daarom kom wonders en genesing deur Sy Seun. Met geloof is alles nou moontlik, want VADER "is" geloof deur jou. Jy is nou die kanaal waardeur geloof vloei. Joh.14:12 Geloof kan jy deel (*saai die saad*), maar mislukking gaan jy ook ontvang *(onkruid*). In geloof werk ons nou vir VADER deur YAHUSHA, om te red, genees, bevry en te seën. Joh.6:28, 29 Koninklike manifestasie begin in jou met geloof sodat VADER se Gees deur jou kan vloei. Onthou YAHUSHA wil ons help en daarom moet ons, onsself oopmaak vir geloof. Jes.30:18 In onverdeelde geloof behaag ons YAHUSHA wat geloof is, en die enigste kommunikasie is tussen jou en VADER. Num.14:11 Geloof is skeppend. As die saad van geloof na 'n volgende mens gaan waar daar nog nie gesaai was nie, sal geloof geskep word. Geloof as 'n skild van beskerming sal sukses en oorwinning teweeg bring. YAHUSHA is die basis van Geloof tot geloof. Jy as gelowige kan net voortbestaan in YAHUSHA dié Gesalfde, want Hy is die weg tot die ewige lewe Joh.1:4. Geloof is geskenk deur VADER en Hy vertrou jou om Sy eiendom op te pas en te gebruik. Die lewe van 'n gelowige is deur sekerheid van geloof in YAHUSHA wat aan jou gegee word.

VADER sal jou nou toets of jy geskik is om van SY gawes te ontvang; Eers net 'n klein bietjie en geleidelik meer in die vuurdoop.

In geloof voed ons dié liggaam. Fisiese voedsel wat in jou bord lê is van VADER en nou bid jy in geloof tot Hom in dankbaarheid daarvoor en Hy seën dit vir jou. Deur die seën vul die voedsel jou dubbeld. Eerstens jou geestelike en dan jou vleeslike. Alle maaltye is nou ‘n seremonie om VADER te loof in dankbaarheid. Deur geloof “wat ‘n goedgunstigheid is van VADER” kom SY goed-guns na vore sodat ons ‘n goeie lewe kan lei.

Geloof met hoop.

Hoop is die onstandvastige en twyfelaarsparadys. Geloof is in die hart en hoop in die verstand “sê hulle”. Deur die hoor van geloof wat iemand jou van vertel het hoe dit werk, ontvang jy dit nou blykbaar in die hart en dit sal sy woning wees. Wanneer die geloof aktief begin raak (groei) moet dit werksaam wees met hoop anders kan dit nie voortbestaan nie. Ek kan ook sê: soos die hart nie mag skei met die verstand tot voortbestaan nie.

Hulle sê: geloof is in die teenswoordige tyd en hoop in die toekomstige tyd. As daar nou gebid word vir ‘n saak moet jy optimisties bly sodat VADER die saak kan oorneem en “hoop” nie teleurgestel nie, want hoop gee stabiliteit in die Siel (*Onthou YAHUSHA is dié “lewende” hoop nie net hoop alleen nie 1 Pet.1:3*).
Hulle plaas geloof in twee vlakke naamlik; die hemelse en die aardse vlak. Die sintuiglike kennis van geloof, wat uit die verstand is, is vleeslik gekoppel aan hoop. Die bekendstelling deur YAHUSHA aan ons in die geloof kom van VADER, wat beteken, dat dit “versekerdheid is sonder om te twyfel”. Die vleeslike geloof wil sien, voel en hoor dan glo hy. Die Gees gegewe geloof let op na die innerlike en onsigbare dinge. Geloof “is” alomteenwoordig. YAHUSHA “is” die weg en waarheid in Geloof en Hy gee dit aan ons, sodat ons dit kan ontvang met dankbaarheid tot VADER. Verbly jou nou en aanvaar as VADER jou stuur om te doen, dat Geloof *(YAHUSHA*) vir jou vaste vertroue sal gee. Geloof wat VADER in ons plaas dra geen twyfeling nie. Om te glo moet jy die vermoë besit om werklik te kan hoor en luister.

Geloof groei in lydsaamheid, bedroefdheid, hoop en liefde. Geloof kom tot andere in liefde wat gesaai moet word deur jou soos die saaier die saad saai. Jak.2:14-17 VADER is geloof deur Sy Seun YAHUSHA; Sy wil en Geloof manifesteer deur ons as Sy kinders. Ps.27:13; Joh.11:40.

Onthou Ha satan is die vader van kwaad en dood, maar soos hy jou of andere kan seermaak sal YAHUSHA jou en andere opbou of fisies gesond maak. Die Woord is krag wat deur die profete en dissipels bewys is in YAHUSHA dié Gesalfde. Nou kan geloof ook deur jou vrystel word Ps.53:3. YAHUSHA soek ‘n vriend in jou en deur geloof moet jy die pad suiwer hou Jak.4:8. Nader tot VADER, en Hy sal tot jou nader. Reinig die hande julle oortreders en suiwer die harte julle dubbelhartige.

Ek sluit met ‘n ietwat ander konsep om die geloof traktaat af te sluit.

Daar is die wat sê: “Ek glo in myself” en daarom kan ek iets aanpak en dit wel verwesenlik of die doel bereik. Dit kan ‘n reg en verkeerd deurgee en daarom moet ons dit met versugting spreek. Ons as skepsels van YAH het ‘n vrye ‘wil’ ontvang waarvan ons wel kan sê “ek glo in myself”, want deur my wil kan ek ‘glo’. Maar om jouself te kan glo kyk jy gewoonlik rondom jou om te kan sien dat dit wel moontlik is. Gewoonlik kyk jy eers of iemand daardie “geloof stelling” reeds kon doen voordat jy dit ook kan uitspreek.
Indien jy voel dat jou geloof gekoppel is aan “wil” moet die kern van daardie geloof-wil by “VADER” begin.

Bedink dit